**GRONDWET (KONSTITUSIE)**

**van die**

**STICHTING NEERLANDIA (SUID-AFRIKA)**

**Mei 2022**

## 1. NAAM

Die naam van die stigting is "Stichting Neerlandia (Suid-Afrika)".

## 2. SETEL

Die setel van die stigting is BLOEMFONTEIN.

## 3. REGSPERSOONLIKHEID

a) Die stigting is 'n regspersoon met voortdurende bestaan.

b) As regspersoon verkry die stigting in eie naam en onafhanklik van sy Raad van Beheer regte en verpligtinge, gaan hy regshandelings aan, dagvaar hy en word hy gedagvaar en tree hy regtens op.

c) Bestelling van prosesstukke aan die voorsitter of die sekretaris van die Raad van Beheer in hul amptelike hoedanigheid is bestelling aan die stigting.

## 4. DOELSTELLINGS EN FINANSIERINGSBELEID

a) Die hoofdoel van die stigting is om:

i) die taalverwantskap wat bestaan tussen die Nederlande en Suid-Afrika te bevorder en uit hierdie oogpunt ook wedersydse kulturele en akademiese betrekkinge in stand te hou en uit te bou;
ii) beurse en finansiële ondersteuning beskikbaar te stel aan gekwalifiseerde persone ingesluit senior voorgraadse en nagraadse studente met die oog op die bereiking van die voorafgaande;
iii) in die ruimste sin van die woord by te dra tot die kulturele lewe in Suid-Afrika wat verband hou met bostaande doelwitte;
iv) in die kulturele, sowel as die materiële behoeftes van Nederlandse immigrante in Suid-Afrika te help voorsien, hetsy deur die organisasie van kulturele funksies, die verskaffing van huisvesting, die verlening van finansiële hulp aan behoeftiges, die toekenning van studiebeurse, of op enige ander wyse wat die Raad van Beheer goeddink, byvoorbeeld deur middel van skenkings aan 'n goedgekeurde entiteit ingevolge Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet (Wet nr. 58 van 1962) soos byvoorbeeld die Universiteit van die Vrystaat.

b) Ten einde sy hoofdoelstellings soos in (a) omlyn te kan bevorder, is dit verder die doel van die stigting om:

i) roerende en onroerende goedere in eiendom of andersins te verkry, hetsy deur koop, ruil, huur, skenking of hoe ookal; en om oor sodanige goed te beskik hetsy deur verkoop, verhuur, verband, ruil of andersins;

ii) geld winsgewend te belê ter bevordering van die doelstellinge van die stigting;

iii) 'n bankrekening of bankrekeninge by 'n bank of banke te open en vir dié doel en in verband daarmee die bankvereistes na te kom, , bewyse en ander stukke uit te reik en enige handeling te verrig wat regtens vereis word;

iv) 'n sekretaris wat 'n honorarium ontvang en ouditeure aan te stel en te ontslaan en hul vergoeding vas te stel en te betaal;

v) alle regte en voorregte wat die stigting ter bevordering van sy doelstellinge nodig of wenslik ag, te verwerf, en in die algemeen alle handelinge te verrig wat 'n regspersoon regtens mag verrig.

c) Die, bates en inkomste van die stigting, uit welke bron ookal ontvang, word uitsluitlik aangewend ter bevordering van sy doelstellings; en geen deel daarvan word uitbetaal of direk of indirek as wins oorgedra aan sy oprigters of sy bestuurslede nie: met dien verstande dat niks in hierdie subartikel vervat die besoldiging of vergoeding ter goeder trou van 'n amptenaar of verteenwoordiger wat nie lid van die Raad van Beheer is nie, vir dienste werklik gelewer, verbied nie. Sodanige vergoeding moet deur 'n kworum van die bestuur gemagtig word en die bedrag moet binne die ooreengekome bedrag vir uitstem/gebruik val. Die Raad van Beheer onderneem om nie enige besoldiging wat as buitensporig in verhouding tot die dienste gelewer, beskou kan word, te betaal nie.

## 5. BESTUUR EN BEHEER

Die bestuur en beheer en die verantwoordelikheid vir die uitvoering van die doelstellinge van die stigting berus by 'n Raad van Beheer, wat daartoe in alle sake namens die stigting mag optree en regshandelings mag verrig: Met dien verstande dat die lede van die Raad van Beheer deur die stigting skadeloos gestel word in verband met alle verliese, koste en skade wat enigeen van hulle ondervind in die behartiging van die sake van die stigting, mits nie veroorsaak deur die opsetlike of nalatige optrede of versuim van die betrokke lid of lede nie, en mits die lid met die goedkeuring van die Raad handel of andersins bevoeg is om te handel.

Die Raad van Beheer het die mag en outoriteit wat hul nodig ag om doelstellings van die organisasie te bereik.

## 6. SAMESTELLING: RAAD VAN BEHEER

a) Die Raad van Beheer bestaan uit 1 permanente lid (die Voorsitter) en hoogstens 9 en minstens 5 nie-permanente lede.

b) Indien 'n nie-permanente lid, voor die verstryking van sy / haar ampstyd as lid bedank of te sterwe kom, moet die oorblywende lede so spoedig moontlik 'n opvolger vir hom / haar benoem: Met dien verstande verder dat die nie-permanente lede hul ampte drie jaar beklee (na afloop van welke tydperk hulle herkiesbaar is) en dat die Raad van Beheer die volgorde van aftreding van nie-permanente lede kan vasstel en vir die doel die ampstyd van die nie-permanente lede van die Raad van Beheer kan verkort; en met dien verstande ten slotte dat die Raad van Beheer opvolgers benoem vir die lede wat telkens ingevolge hierdie subartikel aftree en met 'n meerderheid van stemme ook 'n lid van die Raad kan uitstem.

## 7. AMPTENARE

Die Raad van Beheer kies driejaarliks uit eie geledere 'n voorsitter, ondervoorsitter en 'n sekretaris asook ander amptenare wat die Raad nodig ag.
Die voorsitter en ondervoorsitter word vir 'n termyn van 3 jaar verkies en is herkiesbaar.

## 8. VERSLAG

Die Raad van Beheer sien toe dat daar jaarliks 'n verslag van sy beheer en bestuur van die sake van die stigting opgestel word en dat 'n geouditeerde staat van inkomste en uitgawe en van die finansies van die stigting opgestel word.

## 9. REGULASIES

Die Raad van Beheer kan reglemente maak, wysig en herroep wat nie in stryd is met die bepalinge van die Konstitusie nie, ten einde die uitvoering van die bepalinge van die Konstitusie te reël.

## 10. ONTBINDING

Indien volgens die oordeel van minstens ¾ van die lede van die Raad van Beheer die stigting geen nuttige doel meer kan dien nie, word die stigting gelikwideer en word die bates oorgedra na 'n instansie wat in breë trekke dieselfde doelstellings as Stichting Neerlandia het of wat versoenbaar is met die doelstellings van Stichting Neerlandia.

- .

## 11. WYSIGING VAN REGLEMENT

Die Raad van Beheer kan hierdie Konstitusie wysig met 'n meerderheid van stemme.

## 12. DIE REGLEMENT SLUIT DIE FINANSIERINGSBELEID IN:

### FINANSIERINGSBELEID VAN DIE STICHTING NEERLANDIA

1. Geldelike ondersteuning moet direk saamhang met die doelwitte van die Stigting. Omdat die Stichting Neerlandia gesetel is in Bloemfontein en sy fondse spruit uit plaaslike inisiatiewe en beleggings, kry persone en instansies van Bloemfontein en in die Vrystaat voorrang. Die doelwitte is om

   - die taalverwantskap wat bestaan tussen die Nederlande en Suid-Afrika te bevorder en uit hierdie standpunt ook wedersydse kulturele en akademiese betrekkinge én beide tale in stand te hou en uit te bou;

   - beurse vir nagraadse studie in Afrikaans en/of Nederlands (en of spesifieke handelinge en proefskrifte) en finansiële ondersteuning beskikbaar te stel aan gekwalifiseerde persone met die oog op die bereiking van die voorafgaande;

   - in die ruimste sin van die word by te dra tot die kulturele lewe in Suid-Afrika wat verband hou met bostaande doelwitte byvoorbeeld deur middel van skenkings aan 'n goedgekeurde entiteit ingevolge Artikel 30 van die Inkomstewet (Wet nr. 58 van 1962) soos universiteite, organisasies en dergelike wat dieselfde doelwitte as die Stigting het.

2. Om hierdie doelwitte te verwesenlik, word ondersteuning gebied aan:
   - persone wat weens bepaalde redes reeds jare lewensonderhoud ontvang,

   - die uitgee van Nederlands- en Afrikaanstalige boeke en ander publikasies, asook navorsing (wat sal lei tot publikasies) wat direk verband hou met die Stigting se doelwitte,

   - inisiatiewe / instansies wat na die oordeel van die Raad van beheer van die Stigting, die bereiking van die verklaarde doelwitte steun

   - nagraadse studente wat in vakgebiede studeer wat direk verband hou met die verklaarde doelwitte (soos Afrikaans en Nederlands, Nederlandse of Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, en dergelike) óf wat hulle studie en/of navorsing inrig om die doelstellings te dien

   - akademici wat navorsing wil verrig of kongresse, werkswinkels en dergelike wil bywoon wat direk verband hou met die Stichting Neerlandia se doelwitte,

   - in spesiale gevalle sal voorgraadse studente ook kwalifiseer vir finansiële steun.

3. Persone wat kwalifiseer, kan direk aansoek doen by die sekretaresse van die Stigting.
4. Alle persone en instansies wat geldelike ondersteuning ontvang het, met uitsondering van die ontvangers van lewensonderhoud, moet in besonderhede verslag doen van die besteding van fondse en kan gevra word vir stawende bewyse van uitgawes.

5. Raadslede kan ook aansoeke indien in persoon óf namens 'n instansie met dien verstande dat sodanige aansoeke direk verband hou met die Stichting Neerlandia se doelwitte. Persone wat in enige opsig betrokke is by 'n aansoek (as aansoeker of as betrokkene by 'n instansie wat 'n aansoek ingedien het) sal weens die moontlikheid van 'n belangebotsing die vergadering verlaat tydens so 'n bespreking. Dit sal ook geld vir raadslede wat familie- of ander bande het met aansoekers wat sou kon geld as belangebotsing.

## 13. VERGADERINGS, KWORUMS EN NOTULES

Vergaderings en prosedures van die Raad van Beheer

i) Die Raad van Beheer moet minstens twee gewone vergaderings per jaar hou.

ii) Die meerderheid van die Raad van Beheer kan 'n spesiale vergadering belê, maar moet die ander lede ten minste 21 dae voor die datum van die voorgestelde vergadering in kennis stel. Lede moet ook in kennis gestel word van die sake wat op die vergadering bespreek sal word. Indien een van die sake van bespreking te make het met die aanstelling van 'n nuwe lid, moet alle lede ten minste 30 dae kennis gegee word.

iii) Die voorsitter sal optree as die voorsitter van die Raad van Beheer. Indien die voorsitter nie by 'n bepaalde vergadering teenwoordig kan wees nie, sal die ondervoorsitter die stoel inneem of sal bywonende lede van die vergadering 'n lid aanwys om as voorsitter op te tree. Dit moet gedoen word voor die vergadering begin.

iv) Die helfte plus een van die Raad van Beheer vorm 'n kworum by 'n spesifieke vergadering en vergaderings kan slegs plaasvind as 'n kworum teenwoordig is.

v) Indien die Raad van Beheer dit nodig ag, kan hulle besluit om 'n sub-komitee aan te stel om 'n spesifieke taak af te handel. Daar moet minstens drie lede op 'n sub-komitee dien. Die sub-komitee moet op 'n gereelde basis oor sy aktiwiteite terugvoering gee aan die Raad van Beheer.

vi) Notules van alle vergaderings moet veilig bewaar word en kan deur enige bestuurslid skriftelik aangevra word met die doel om dit te bespreek.

## 13. FINANSIëLE JAAREINDE

Die organisasie se finansiële jaar eindig jaarliks op 30 April.

## 14. GOEDKEURING

Die konstitusie is goedgekeur op: 25 November 2022

Die volgende lede van die stigting het die konstitusie goedgekeur:

Die Voorsitter: Prof. L. Cilliers

a) Lede van die Raad

Prof. H.P. van Coller

Prof. A. van Jaarsveld

Prof. A. van Niekerk

Me. E. Lombaard

Prof. N. Morgan

Prof. P. Verster